

13 Maart

Skrifgedeelte: Genesis 32:1-32

God verander sy kind om sy lewensroeping te kan vervul

Jakob is op pad terug Kanaän toe. Eers moet hy egter by sy broer Esau, vir wie hy baie jare gelede bedrieg het, verby kom. Die verlede moet in die oë gekyk en hanteer word. Voordat dit kan gebeur, moet Jakob eers verander. Tot dusver het hy op sy eie planne, op bedrog en omkoopgeskenke staatgemaak. Nou moet hy leer om ten volle op God te vertrou.

God self gryp in by Pniël om hom tot ander insigte te bring. Wanneer hy met God worstel, word hy liggaamlik geknak. Hy word klein voor God en vra dat God hom seën. So is hy deur God ingebreek.

Wanneer sy naam gevra word, moet hy erken dat hy Jakob, die bedrieër, is. Dit is eers wanneer 'n mens erken wie en wat jy is, dat jy nuut gemaak kan word. God verander sy naam van Jakob na Israel. Dit is simbool van die verandering wat by Jakob ingetree het. Dit is 'n nuwe Jakob wat Esau daarna ontmoet.

Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Dit is waarvoor Christus liggaamlik geknak is, gely en gesterf het. Dit is waarvoor Hy opgestaan het en sy Heilige Gees aan ons gegee het. God bepaal hier die tyd wanneer die verandering in ons lewens plaasvind. Baiekeer gaan dit met stryd gepaard en moet 'n mens eers met God worstel. In die proses kan 'n mens selfs letsels opdoen, maar uiteindelik stel dit jou in staat om die lewe met al sy verantwoordelikhede aan te durf.

Sing: Skrifberyming 14:1,2 Ds JL van der Schyff (Petrusburg/Boshof)